**Dinsdag 30 Augustus**

**Skrifgedeelte: Openbaring 7:9-17 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Openbaring 7:9-11**

## Hoe is ons lewe in die hiernamaals?

Gister het ons gelees van die *geseëndes* wat die *koninkryk* by die eindoordeel binnegaan (Matt. 25:34). Hoe is dit binne die ewige koninkryk van God? Wat gebeur daar? Waarna kan ons uitsien?

Die koninkryk van God is só wonderlik en heerlik dat dit nie beskryf kan word nie. Veral twee dinge is opvallend:

Eerstens ’n ontelbare skare uit die ganse mensdom, uit alle tye. Hulle staan voor die troon van God en van die Lam (vs 10). Hulle is in wit geklee, teken van hulle reinheid, regverdigheid in Christus. Rein gewas in die bloed van Christus. In hulle hande is daar palmtakke, simbool van oorwinning en vrede. Hulle roep in vreugde uit: *Ons redding kom van God en van die Lam!* Gaan jy en ek ook in daardie skare wees en saam jubel? Beslis!

Verder is daar rondom die troon engele, die 24 ouderlinge (vgl. Op. 4:3, 4), en vier lewende wesens (vgl. Op. 4:6-8). Hulle kniel met hulle gesigte na die grond, loof en aanbid God (Drie-enig). Lees weer die pragtige aanbiddingswoorde (vs 12). Gaan ons ook hierdie lofprysing aan God gee? Ja, met ons hele hart.

’n Ouderling verduidelik die gesig: Ons aanbid God, dag en nag. Dis ons vreugde! Daar is nie meer pyn, trane, stryd nie – alles is nou volmaak. Ons is vol van die Heilige Gees (lewende water, vs 17; Joh. 4:10 ev).

*Sing: Skrifberyming 1-2:1, 3*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*